higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 2

(3011002)

28 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Nie-programmeerbare sakrekenaars kan gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en ’n antwoordboek van 13 bladsye.

548Q1N2428

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOEGEPASTE REKENINGKUNDE
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae wat in die ANTWOORDBOEK verskaf word.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Geen bladsye mag uit die ANTWOORDBOEK verwyder word nie.
5. Gebruik die tabel hier onder om jou te lei oor hoeveel tyd om te bestee om elke vraag te beantwoord.
6. Toon alle berekenings.
7. Gebruik slegs ’n swart of blou pen
8. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYDRIGLYN
AFDELING A		**[80]**	
1	Veelvoudige keusevrae	20	15 minute
2	Kort teoretiese vrae	30	20 minute
3	Berekenings	30	20 minute
AFDELING B		**[120]**	
4	Joernale	40	50 minute
5	Pos na algemene grootboek	30	30 minute
6	Finale rekenings en balansstaat	30	30 minute
7	Invloed op rekeningkundige vergelyking	20	15 minute
	TOTAAL:	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.1 ’n Winkel wat klere en skoene verkoop, is ’n … besigheid.

A vervaardigings-
B diens-
C handels-
D nie-winsgedrewe

1.2 ’n Brondokument is bekend as ’n rekord … .

A van bates en laste in ’n besigheid
B van debiteure- en krediteuretransaksies
C wat alle bankbetalingstransaksies aantoon
D wat ’n transaksie ondersteun wat plaasgevind het

1.3 ’n Voorbeeld van finansiële bates in ’n besigheid:

A Vaste deposito’s
B Langtermyn lenings
C Verbandlenings
D Verkope

1.4 ’n … is ’n brondokument wat gebruik word om kontant ontvang vir verkoop van voorraad aan te teken.

A belasting-aankoopfaktuur
B depositostrokie
C tjekteenblad
D kasregisterrolletjie

1.5 Wanneer dit uitgawes van ’n besigheid minder as sy inkomste is, word ... gemaak.

A ’n verlies
B wins
C tekort
D fout

1.6 ’n Duplikaatkwitansie is ’n voorbeeld van ’n … dokument.

A eksterne
B primêre
C interne
D oorspronklike

Kopiereg voorbehou

1.7 Die algemene verkoopsgrootboek-rekening styg met ’n … inskrywing.

A debiet
B krediteuretoelaag
C krediet
D debiteuretoelaag

1.8 ’n Maatskappy se … sal dividende ontvang van die verklaarde wins van ’n besigheid.

A groothandelaars
B kollegas
C verskaffers
D aandeelhouers

1.9 ’n ... is ’n voorbeeld van ’n ondersteunende dokument vir kleinkastransaksies in ’n besigheid.

A Kasregisterstrokie
B Bankstaat
C Joernaalbewys
D Debietnota

1.10 Onder normale omstandighede het die ... algemene grootboekrekening ’n debietsaldo.

A verkope
B onttrekkings
C kapitaal
D huurinkomste

1.11 Wanneer ’n kredietkliënt sy rekening betaal, … .

A krediteer krediteurebeheer en debiteer bank
B debiteer bank en krediteer debiteurebeheer
C debiteer krediteurebeheer en krediteer bank
D debiteer debiteurebeheer en krediteer bank

1.12 Die ... rekenings is deel van die balansstaatrekening-afdeling in die proefbalans.

A bates en aanspreeklikhede
B bates en inkomste
C inkomste en uitgawes
D aanspreeklikhede en uitgawes

1.13 Watter EEN van die volgende vorm nie deel van die rekeningkundige siklus nie?

A Finansiële state
B Finansiële personeel
C Brondokumente
D Aanvullende joernale

Kopiereg voorbehou

1.14 Die krediteurebeheerrekening in die algemene grootboek sal … wanneer voorraad na ’n verskaffer teruggestuur word.

A daal
B dieselfde bly
C styg
D gekrediteer word

1.15 Wanneer handelsvoorraad deur die eienaar gebruik word vir eie gebruik, … .

A krediteer handelsvoorraad en debiteer onttrekkings
B krediteer onttrekkings en debiteer bank
C debiteer onttrekkings en krediteer bank
D debiteer handelsvoorraad en krediteer onttrekkings

1.16 Skryfbehoeftes wat op krediet gekoop word, word in die ... joernaal aangeteken.

A kleinkas
B kontantontvangste
C krediteure
D kontantbetalings

1.17 Rente op ’n langtermyn lening sal ... laat daal.

A bedryfslas
B nie-bedryfsbate
C nie-bedryfslas
D eienaarsekwiteit

1.18 Die effek op die rekeningkundige vergelyking vir rente op beleggings ontvang:

A Bates daal en eienaarsekwiteit styg.
B Bates styg en eienaarsekwiteit styg.
C Eienaarsekwiteit styg en aanspreeklikheid styg.
D Eienaarsekwiteit daal en aanspreeklikheid daal.

1.19 Die totaal van ’n krediteurelys moet gelyk wees aan die totaal van die krediteure … .

A kolom in die kontantbetalingsjoernaal
B kolom in die krediteure joernaal
C kolom in die krediteure-toelaejoernaal
D beheerrekening in die algemene grootboek.

1.20 Watter EEN van die volgende rekeninge het gewoonlik ’n kredietsaldo?

A Vaste deposito
B Bates
C Uitgawes
D Inkomste

(20 × 1) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

2.1.1 Joernaalbewys

2.1.2 Rekeningkundig

2.1.3 Slegte skuld

(3 × 2) (6)

2.2 Kies EEN term uit die lys hier onder vir elk van die volgende beskrywings en skryf slegs die term langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

alleenhandelaar; 2 tot 20; Edms Bpk; Bpk; vennootskap; 1 tot 50; beslote korporasie

2.2.1 'n Vennootskap het tussen … mense as eienaars.

2.2.2 'n … het 'n minimum van een persoon as 'n eienaar.

2.2.3 Die eienaars van 'n … is lede.

2.2.4 Die besigheidsnaam van 'n private maatskappy eindig met …

(4 × 1) (4)

2.3 Bereken elk van die volgende as die winsopslag op 'n item 60% op koste is en die kosprys R2 325 is:

2.3.1 Winsopslagbedrag

2.3.2 Verkoopprysbedrag

(2 × 2) (4)

Kopiereg voorbehou

2.4 Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (2.4.1–2.4.6) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
2.4.1	Dokument wat deur die bank aan die besigheid teruggestuur is weens onvoldoende fondse	A	staat
		B	proefbalans
2.4.2	Dokument wat uitgereik word wanneer goedere op krediet gekoop of verkoop word	C	nominale
		D	geweierde tjek
2.4.3	Kredietaankope van handelsvoorraad word in hierdie joernaal aangeteken	E	faktuur
		F	debiteurejoernaal
2.4.4	Uitgereik aan die einde van die maand aan 'n debiteur, wat die totale verskuldigde bedrag aandui	G	krediteurejoernaal
		H	inkomstestaat
2.4.5	Bewys dat die totale debietsaldo's gelyk is aan die totale kredietsaldo's		
2.4.6	Salarisse en lone word in hierdie afdeling in die proefbalans geplaas		

(6 × 1) (6)

2.5 Bestudeer die volgende brondokument en beantwoord die vraag wat volg:

OFF THE GRID

Kredietnota no.: 21
Datum: 18 Augustus 2024

Aan: BJ Benn
Adres: Sunnystraat 67A
Heights
2001

Hoev.	Details van aankope	Prys (elk)	Bedrag
2.5.4	Batterye 12 volt	R2 100	R4 200
30	Herlaaibare lantern	R199	R5 970
15	Gloeilampe	R99	**2.5.5**
		GROOTTOTAAL:	**2.5.6**

2.5.1 Identifiseer die kliënt. (1)

2.5.2 Identifiseer die besigheid wat die brondokument uitgereik het. (1)

2.5.3 Noem in watter joernaal die brondokument in die boeke van die besigheid wat die brondokument uitreik, aangeteken sal word. (1)

2.5.4 Bereken die hoeveelheid 12-volt batterye wat teruggestuur is. (2)

Kopiereg voorbehou

2.5.5 Bereken die bedrag vir die teruggestuurde gloeilampe. (2)

2.5.6 Bereken die brondokument groottotaal bedrag. (3)
[30]

VRAAG 3

3.1 Die uitstaande saldo op ’n debiteure-rekening is R3 687. Die rekening is vir ses maande agterstallig.

Bereken die rente gehef op die skuld teen 9% per jaar en afgerond tot TWEE desimale. Toon alle berekenings. (3)

3.2 Produkte is vir ’n bedrag van R2 142 aan ’n debiteur verkoop. ’n Vroeë betalingsafslag van 4% is aan die debiteur gegee.

Bereken die bedrag wat die debiteur na afslag betaal het. Toon alle berekenings. Rond die antwoord tot TWEE desimale af. (3)

3.3 Wind Farms Corp. het op 21 April 2024 voorraad op krediet vir R6 675 gekoop. Ongeskikte voorraad ten bedrae van R1 625 is op 27 April 2024 na die verskaffer teruggestuur. Wind Farms Corp. het besluit om hulle rekening op 30 April 2024 te vereffen en het ’n vereffingsafslag van 5% gekry.

Bereken die bedrag wat Wind Farms Corp. betaal het om hulle rekening op 30 April 2024 te vereffen en rekonsilieer. Toon alle berekenings. Rond antwoorde tot TWEE desimale af. (4)

3.4 Gebruik die inligting hieronder om 'n ouderdomsontleding vir 'n krediteur, Torches BK, voor te berei. Let daarop dat die huidige maand Julie 2024 is.

Kredietaankope wat gedurende elke maand gedoen word, is soos volg:

Maart 2024	R873
April 2024	R542
Mei 2024	R665
Junie 2024	R908
Julie 2024	R240

LET WEL: Kredietaankope gemaak tydens Maart 2024 is ten volle betaal en dit moet nog in aanmerking geneem word. (6)

3.5 Die debiteurgrootboekrekening van Eco Energy in die boeke van Wind Farm Corp. word hier onder aangedui.

Voltooi die ontbrekende inskrywings of bedrae deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.5.1–3.5.8) in die ANTWOORDEBOEK neer te skryf. Toon alle berekenings waar nodig.

DEBITEUREGROOTBOEK VAN WIND FARM CORP.					
ECO ENERGY DL4					
Datum	**Detail**	**Fol.**	**Debiteer**	**Krediteer**	**Saldo**
01-08-24	Openingsaldo	b/d			R4 785
08-08-24	Faktuur no. E41	**3.5.1**	289		**3.5.2**
18-08-24	Kwitansie no. 82	**3.5.3**		2 550	**3.5.4**
18-08-24	Kwitansie no. 82 (afslag)	CRJ		310	**3.5.5**
31-08-24	Rente gehef	**3.5.6**	87		R2 301
31-08-24	Kredietnota no. 12	**3.5.7**		124	**3.5.8**

(12)

3.6 Gebruik die volgende inligting om die ontbrekende bedrag te bereken (toon die berekening):

BATES	EIENAARSEKWITEIT	AANSPREEKLIKHEDE
R149 600	R113 705	**?**

(2)

[30]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

VRAAG 4

Eco Power Zone is ’n besigheid wat opwekkers, omsetters, sonpanele en herlaaibare ligte aan hulle kliënte.

Die eienaar, Tumi Makopi, gebruik die deurlopende voorraadstelsel. Opslag is 45% op kosprys.

Die inligting en brondokumente wat hier onder verskaf word moet gebruik word om die transaksies in die hulpjoernale vir 31 Mei 2024 in die ANTWOORDBOEK aan te teken.

Moenie die hulpjoernale afsluit nie. Geen verduideliking word vir die algemene joernaal verlang nie. Rond bedrae tot TWEE desimale af.

4.1	Kontantontvangstejoernaal	(11)
4.2	Kontantbetalingsjoernaal	(8)
4.3	Debiteurejoernaal	(4)
4.4	Debiteuretoelaejoernaal	(2)
4.5	Krediteurejoernaal	(6)
4.6	Krediteuretoelaejoernaal	(5)
4.7	Algemene joernaal	(4)

TJEKTEENBLAAIE:

01/05/2024		
Aan: Jozi Municipality		
Vir: Water en elektrisiteit		
	R	C
Hierdie tjek	5 460	00
No. 458		

9/05/2024		
Aan: Solar Wave CC		
Vir: Rekening van R6 325 is vereffen Afslag – R550		
	R	C
Hierdie tjek	**?**	
No. 459		

18/05/2024		
Aan: Target Marketing		
Vir: Advertering		
	R	C
Hierdie tjek	2 970	00
No. 460		

22/05/2024		
Aan: Kontant		
Vir: Kassiersvoorskot – R2 000 Kleinkas – R1 350		
	R	C
Hierdie tjek	3 350	00
No. 461		

30/05/2024		
Aan: Energy Savers		
Vir: Voorraad		
	R	C
Hierdie tjek	9 420	00
No. 462		

JOERNAALBEWYSSTUK:



ECO POWER ZONE

Joernaalbewysstuk No. 84

Datum: 26/05/2024

Aan: Accounts Executive — Van: Tumi Makopi

In die krediteureboek is die rekening van Energy Hub Bpk verkeerd gekrediteer met R4 230 in plaas van Energy Saver Bpk. Korrigeer hierdie fout.

DEPOSITOSTROKIES:

Datum	**Bedrag**
13 Mei 2024	R90 345
30 Mei 2024	R11 546

Kopiereg voorbehou

OORSPRONKLIKE KREDIETAANKOPE-FAKTURE:

ENVIRO FLARE CC

Datum: 13/5/2024 Faktuur no. XY 45

Rekening No. EPZ21

Aan: Eco Power Zone Adres: Windystraat 24, Groenpunt, 5201

Hoeveelheid	Beskrywing	Prys per eenheid	Bedrag
5	Omsetters met geen kabelverbinding nie	R2 710	R13 550
20	Draagbare herlaaibare ligte	R 650	R13 000
5	Hibriede sonpanele	R1 863	R 9 315
		TOTAL	**R35 865**

PAPER PATCH

Datum: 17-5-2024 **Faktuur no.**

EPZ 4



Rekening no. PP71

Aan: ECO POWER ZONE
Adres: 24 WINDYSTRAAT 24, GROENPUNT, 5201

Hoeveelheid	Beskrywing	Prys (elk)	Bedrag
25	Blou penne	R 15,00	R375
2 bokse	A4 notaboeke	R 99,00	R198
		GROOTTOTAAL	**R573**



PC SHOP BPK

Rekening no. 1010 Datum: 26 May 2024 Faktuur no. TG 98

Aan: ECO POWER ZONE

Adres: WINDYSTRAAT 24, GROENPUNT, 5201

Hoeveelheid	Beskrywing	Prys (elk)	Bedrag
4	Acecore i3 skootrekenaars *(kantoorgebruik)*	R 5 999	R23 996
4	Laser-/skandeerdrukkers *(kantoorgebruik)*	R 1 599	R 6 396
		TOTALE FAKTUURBEDRAG	**R30 392**

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

KASREGISTERROLLETJIES:

Datum	Nommer	Bedrag
13 Mei 2024	Kasregisterrolletjie 121	R 5 345
30 Mei 2024	Kasregisterrolletjie 122	R 8 474

DUPLIKAAT KWITANSIES:

 **ECO POWER ZONE** **Kwitansie no. 97** Datum: 02-05-2024	Rand	sent
Ontvang van: Tumi Makopi **Vir:** Kapitaal – Bykomende bydrae **Bedrag**: Vyf en tagtig duisend rand alleenlik	85 000	00
Dankie – **JFK Kenny**		

 **ECO POWER ZONE** **Kwitansie no. 98** Datum: 22-05-2024	Rand	sent
Ontvang van: B Botha **Vir:** Vereffening van rekening – 4% afslag is toegestaan **Bedrag**: Drie duisend twee en sewentig rand alleenlik	3 072	00
Dankie – **JFK Kenny**		

DUPLIKAAT KREDIETVERKOPE FAKTURE:



ECO POWER ZONE
WINDYSTRAAT 24, GROENPUNT, 5201

Faktuur no. EP78 Datum: 9 Mei 2024

Aan: RJ Moosa Adres: Greenweg 56A, Sundowns, 6000

Hoeveelheid	Beskrywing	Eenheidsprys	Bedrag
4	Herlaaibare gloeilampe 9 W	R99	R396
2	Litium-yster omsetterbattery	R4 999	R9 998
1	Kragomsetter	R2 990	R2 990
		Totaal faktuur	**R 13 384**

Kopiereg voorbehou



ECO POWER ZONE
WINDYSTRAAT 24, GROENPUNT, 5201

Faktuur no. EP79
Datum: 18 Mei 2024

Aan: PJ Powers Adres: Battery Close 11, Baybelk, 4000

Hoev.	Beskrywing	Eenheidsprys	Bedrag
1	Draagbare kragstasie	R9 499	R9 499
1	Vierslag opwekker	R11 100	R11 100
		Totaal faktuur	R20 599

OORPSRONKLIKE DEBIETNOTAS:

Datum	Nota no.	Detail	Hoeveelheid	Krediteur	Bedrag	Rede
18/5/24	DN 53	A4 notaboeke	1 boks	Paper Patch	R99	Verkeerde grootte notaboeke
27/5/24	DN 54	Laser-/skandeerder-drukker	1	PC Shop Bpk	R1 599	Verkeerde kleur

DUPLIKAAT KREDIETNOTA:

Datum	Nota no.	Detail	Debiteur	Bedrag	Rede
20/5/24	CN 28	Litium-yster omsetter-battery	RJ Moosa	R4 999	Verkeerde handelsmerk

[40]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

Op 1 Julie 2024 verskyn die volgende openingsaldo's in die boeke van Rechargebat Bpk:

Handelsvoorraad	R 26 975
Krediteurebeheer	R 15 670
Bank (gunstig)	R 52 310
Koste van verkope	R 9 320

Die volgende totale verskyn in die filiale tydskrifte van Rechargebat Bpk op 31 Julie 2024:

DEBITEUREJOERNAAL VAN RECHARGEBAT BPK – 31 JULIE 2024
DJ

Dok.	Dag	Debiteur	Verkope	Koste van verkope
		Totale	33 235	22 156

DEBITEURETOELAEJOERNAAL VAN RECHARGEBAT BPK – 31 JULIE 2024 DAJ

Dok.	Dag	Debiteur	Debiteuretoelae	Koste van verkope
		Totale	5 405	3 603

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN RECHARGEBAT BPK – 31 JULIE 2024
CRJ

Bank	Verkope	Koste van verkope	Debiteurebeheer	Afslag toegestaan	Diverse bedrag	Detail
51 535	39 625	26 417	10 370	2 130	3 670	Huur-inkomste

KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN RECHARGEBAT BPK – 31 JULIE 2024
CPJ

Bank	Handelsvoorraad	Brand-stof	Krediteure-beheer	Afslag ontvang	Diverse bedrag	Detail
26 883	15 628	2 645	9 350	1 970	1 230	Telefoon

KREDITEUREJOERNAAL VAN RECHARGEBAT BPK – 31 JULIE 2024 CJ

Dok.	Dag	Krediteure	Krediteure-beheer	Handels-voorraad	Toerusting	Diverse bedrag	Detail
		Totale	18 650	15 110	1 240	2 300	Brandstof

KREDITEURETOELAEJOERNAAL VAN RECHARGEBAT BPK – 31 JULIE 2024 CAJ

Doc.	Dag	Krediteur	Krediteure-beheer	Handels-voorraad	Toerusting	Diverse bedrag	Detail
		Totale	3 080	2 860	220		

Kopiereg voorbehou

ALGEMENE GROOTBOEK VAN RECHARGEBAT BPK – 31 JULIE 2024 GJ

Datum	Detail	Fol.	Debiteer	Krediteer	Debiteurebeheer		Krediteurebeheer	
					Debiteer	Krediteer	Debiteer	Krediteer
	Totale				1 230	810	440	630

Gebruik die gegewe inligting om die volgende algemene grootboekrekenings vir Rechargebat Bpk vir die maand wat op 31 Julie 2024 geëindig is, te voltooi. Balanseer slegs die algemene grootboekrekenings wat aangedui word.

5.1 Bank (balanseer) (6)

5.2 Handelsvoorraad (7)

5.3 Krediteurebeheer (balanseer) (9)

5.4 Koste van verkope (4)

5.5 Brandstof (2)

5.6 Huurinkomste (2)

[30]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

Die volgende inligting verskyn in die proefbalans van Green Box Solar op 31 Julie 2024, die einde van die finansiële jaar.

Proefbalans van Green Box Solar - 31 Julie 2024			
Balansstaat-afdeling	**Fol.**	**Dr/Kr**	**Bedrag (R)**
Kapitaal (1 Augustus 2023)	B1	CR	325 000
Onttrekkings	B2	DR	5 970
Masjinerie	B3	DR	175 640
Voertuie	B4	DR	240 750
Handelsvoorraad	B5	DR	81 500
Debiteurebeheer	B6	DR	21 490
Bankoortrekking	B7	CR	43 200
Kassiersvoorskot	B8	DR	2 500
Krediteurebeheer	B9	CR	18 640
Lening: Spark Bank (9%)	B10	CR	160 000
Nominale rekeningsafdeling			
Verkope	N1	CR	415 130
Koste van verkope	N2	DR	263 110
Debiteuretoelae	N3	DR	8 130
Rente op lening	N4	DR	10 800
Water en elektrisiteit	N5	DR	12 900
Selfoonuitgawes	N6	DR	7 100
Versekering	N7	DR	12 000
Kommissie ontvang	N8	CR	4 100
Salarisse en lone	N9	DR	150 900
Slegte skuld	N11	DR	3 880
Huurinkomste	N12	CR	30 600

Gebruik die inligting hier bo om elk van die volgende voor te berei vir die jaar geëindig 31 Julie 2024:

6.1 Die handelsrekening vir die jaar geëindig 31 Julie 2024 (4)

6.2 Die wins- en verliesrekening vir die jaar geëindig 31 Julie 2024 (10)

6.3 Die kapitaalrekening vir die jaar geëindig 31 Julie 2024. Doen die sluitingsoordragte wat die rekening affekteer en balanseer. (4)

6.4 Die balansstaat vir die jaar geëindig 31 Julie 2024 (Aantekeninge by die balansstaat word nie verlang nie). (12)
[30]

VRAAG 7

Power-Up CC verkoop selfoonoortreksels, laaiers en batterye. Die deurlopende voorraadstelsel word gebruik en die voorraadopslag is 30% op die kosprys.

Ontleed elk van die volgende transaksies deur die brondokument aan te dui, rekening wat gedebiteer moet word en rekening wat in die hoofboek gekrediteer moet word, asook die invloed op die rekeningsvergelyking. Dui 'n toename aan met (+), 'n afname met (-) en geen effek met (0) nie. Rond bedrag af na die naaste rand.

VOORBEELD: Versekering is betaal via EFO no. 234 aan Way-To-Go Bpk vir ’n bedrag van R567.

No.	Brondokument	Algemene grootboekrekening		Bates	Eienaarsekwiteit	Laste
		Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer			
1.	EFO bewys van betaling	Versekering	Bank	-567	-567	0

TRANSAKSIES:

7.1 CJ Devan het ingekom en 'n uitstaande bedrag van R947 op sy rekening betaal. (5)

7.2 ’n Motorfiets is op krediet van Auto Man Bpk aangekoop vir 'n bedrag van R46 500. (5)

7.3 Kontantverkope vir ’n bedrag van R7 098 is aangeteken vir oortreksels, laaiers en batterye verkoop. (9)

7.4 Die eienaar se persoonlike skryfbehoefterekening van R345 is betaal via die besigheidsbankrekening, EFO no. 57. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou